

10 April

Skrifgedeelte: Klaagliedere 4
Fokusgedeelte: Klaagliedere 4:22

Alle slegte dinge hou nie vir altyd aan nie

Ons gebruik dikwels na 'n heerlike maaltyd of 'n lekker vakansie die uitdrukking: *Alle goeie dinge kom tot 'n einde*. Eintlik behoort ons te sê: Alle slegte dinge hou nie vir altyd aan nie – al was die ellende so erg dat niemand dit vrygespring het nie. Die Here bring ook weer lig in die lewe van sy kinders (Ps 42). Goeie dinge kom van bo, van die Vader van die ligte (Jak 1:16,17).

Te midde van al die geweeklag oor die ellende wat die volk getref het, klink die vredesboodskap soos musiek op die ore: “Die straf op die sonde is beëindig ... die Here sal jou ballingskap nie laat voortduur nie”. Die Here sal Hom weer oor sy volk ontferm. Oor Edom, die broersvolk van Israel, word ook 'n oordeel aangekondig. Hulle het hulle mos verlustig in die leed van Israel, nou sal hulle dieselfde leed ly.

Die straf vir jou sonde is beëindig. Dit klink darem baie bekend! Dit is dan die evangelieboodskap. Hier in die lydingstyd en op Goeie Vrydag dink ons spesifiek daaraan dat Jesus Christus vir ons gely en gesterf het. Op grond van sy lyde en sterwe verklaar God ons regverdig. Al kom allerlei pyn en lyding en beproewing op die pad van die gelowige, het ons die versekering dat Jesus self deur dit alles heen gegaan het. Hy verseker ons dat God ons nie weer sal verlaat nie. Aardse pyn en lyding en allerlei beproewinge kom tot 'n einde. Soms beleef ons die vreugde dat beproewings reeds in hierdie lewe vir ons tot 'n einde kom, maar soms beleef ons die beëindiging van die lyding eers by 'n sterfbed. Die saak waarin ons ons moet verbly, is dat al gaan ons ook deur donker dieptes, of al slaan die lewensee ons met sy golwe heen en weer, dan weet ons nog die Here is met ons. Lyding en leed is nie meer deel van die oordeel nie. Lyding en leed is nie meer straf nie. Die straf op die sonde het Jesus Christus in ons plek op Golgota gedra. As lyding en leed dan deel is van die lewensgang van die mens, dan is die evangelie van Jesus Christus wat die straf op ons sondes gedra het, net so deel van ons lewensgang. Die boodskap is dat die straf op die sonde in Jesus Christus tot 'n einde gekom het.

Sing: Psalm 32:3

Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)